**JUST JESUS** – preekreeks Jan-April 2022 – Londenwyk **Vir groepe**

## Week 11: 3-9 April


## Just Jesus – Op wie kan jy vertrou al is jy bang – Markus 14:32-42

**Agtergrond:** *Jesus se uitnodiging in Markus 1:15: "... die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie." Jesus kom vestig 'n nuwe koninkryk en Hy doen dit deur self hier te kom leef en te kom wys hoe dit anders is as die koninkryke waarin ons leef.*
*Die vraag waarmee ons besig moet bly, is: Hoe lyk hierdie koninkryk van Jesus, want as ek Markus reg verstaan, dan het hierdie koninkryk te doen met sterf.*
*Hoe is die volgende aanahling waar van die lewe van Jesus?*

> *"Life is always loss and renewal, death and resurrection, chaos and healing, traumatic ends and hopeful new beginnings."*

**'n Vinnige terugblik op verlede week:**

- Wanneer gaan die einde van die wêreld kom?
- Hoekom sien Jesus al hierdie sake net as geboortepyne?




**Bid en vra vir die Here om deur hierdie Skrifgedeelte vir jou te leer hoe sy koninkryk is, en om Hom nuut raak te sien.**



**Lees dan Markus 14:32-36**

Jesus word hier gekonfronteer met die realiteit van sy eie dood. **Hy weet Hy gaan doodgemaak word.** Ons mag nie vir een oomblik onderskat waardeur Jesus is nie! Hoe beskryf Markus hoe Jesus hieroor gevoel het – kyk na die woorde wat Markus daarvoor gebruik?

- **v 33**
- **v 34**
- **v 35**
- **v 36**



**En dan gaan Jesus en HY bid – maar v 35** sê eintlik dat Hy op die grond neerval! (*Ek weet nie of jy al ooit so ontsteld en bang en doodsbenoud was dat jy op die grond neergeval het om te bid nie).* As jy weet jy gaan doodgemaak word, bid jy anders... ek dink nie ons het 'n idee hoe dit moet wees nie.... baie min van ons was al ooit daar....

- Watter verskil het dit vir Jesus gemaak om te bid tot sy Vader?

- Dit is hartseer om te sien dat die dissipels sukkel om te bid en dat hulle aan die slaap raak. Wat maak dit vir jou moeilik om te bid?

- Hoekom is dit so belangrik om te bid volgens v 38?

**Jesus deins nie terug of hardloop weg nie, al is Hy bang.** Hy is baie eerlik daaroor en konfronteer dit reg van voor. **En al antwoord God Hom nie, weet Hy steeds dat Hy hierdie pad moet stap. Wat is sy eie woorde daaroor in v 36b?**

**Wat kan ons hieruit leer vir ons eie lewens vandag oor sake wat ons bang maak en oor God wat partykeer ons nie antwoord nie?**

- **As ons sê dat ons kinders van die Here is, dan glo ons dat ons lewens en die lewe van Jesus inmekaar-gestrengel is** – Hy weet alles van ons, Hy ken ons, Hy leef in ons harte en gedagtes en in ons beste bedoelings – Hy is deel van ons lewens – selfs op daardie oomblikke wanneer die heel ergste met ons gebeur – "*om doodgemaak te word...*"
    - **Watter troos is dit vir ons?**

- **Onthou: die teenoorgestelde van vrees is... liefde** – dit is tog die hoofrede waarom Jesus hierdeur gaan, dit is hoe lief God ons gehad het, Hy stuur sy Seun. Hy gee om, ons sien dit aan die kruis! Hy gaan eerste hierdeur sodat ons mag weet dat Hy presies weet en verstaan waar ons is, waarvoor ons bang is, waardeur ons moet gaan... wat die dood aan ons doen!
    - **Hoe kan dit my help in situasies waarvoor ek bang is?**

- Ons wat hierdie storie lees, **weet wat die uitkoms gaan wees**. Dit maak dat ons weet die houvas van die dood is gebreek op Golgota – Jesus se dood bring lewe, bring nuwe moontlikhede – ons kan maar bang wees, maar ons kan ons bang-wees in die oë kyk en erken omdat Jesus ook daardeur is.

**Paul Tournier (***bekende sielkundige***)** is gevra hoe hy sy pasiente help om hulle vrees te oorkom: *"I don't. Everything that is worthwhile in life is scary. Choosing a school, choosing a career, getting married, having kids – all those things are scary!"*

**Bid saam**

*Gee eers tyd vir stilte*

- *Gee vir die Here alles waarvoor jy bang is.*
- *Sê vir die Here dankie vir sy liefde*
    - *Dat Hy alles van ons weet en eerste hierdeur gaan*
    - *Dat Hy bereid was om te sterf op Golgota sodat ons nie bang hoef te wees nie!*

